# FORUM

VIR DIE LEERDEERS. DEUR DIE LEERDERS

# PSG-Akademiese aand 2024

Die Akademiese Motiveringsaand was uiters suksesvol en inspirerend.
Die akademiese prestasies van die top 20 leerders in elke graad was deur die aand beklemtoon en hul harde werk en toewyding was ook erken.
Die atmosfeer was opwindend en die leerders was trots om erkenning te ontvang vir hul akademiese prestasies. Onderwysers en laerskool hoofde het saam met die leerders die aand geniet. Daar was baie positiewe terugvoering oor die organisasie en die inhoud van die geleentheid.
Dit was 'n wonderlike manier om die leerders se pogings te vier en hulle te motiveer om voort te gaan met hul harde werk.


~Karlé du Preez
Gr.12C

# TYDSBESTUURVAARDIGHEDE



Alexia Meiring

Tydsbestuurvaardighede is 'n noodsaaklikheid vir enige leerder, maar dit is veral nodig om die opkomende kwartaal te navigeer.
Hier volg 'n paar "tips" en "tricks" om seker te maak dat jou kosbare tyd reg bestuur word.




## Maak 'n rooster

Moak gebruik van 'n kalender om op datum te bly met sperdatums en opkomende toetse. Prioritiseer take op grond van belangrikheid en wanneer hulle klaar moet wees.



## Balans

Die meerderheid van Framseby se leerders neem aan 'n sport- of kultuur aktiwiteit deel, maar dit is egter noodsaaklik om balans tussen die gegewe aktiwiteite en akademie te vind. Verseker dot jy effektiewe balans handhaaf.



## Stel doelwitte

As Lewensorientering dit nie genoeg beklemtoon het nie, om duidelike kort -en langtermyn doelwitte te stel, sol jou help om 'n duidelike visie te handhaaf en hard te werk om die gegewe doelwitte na te kom.



## Hersien en pas aan

'n Hoerskool leerder moet aanpasbaar wees, aangesien ons roosters gereeld verander. Hersien gereeld die voorafgaande plan wot jy vir jouself opgestel het, en pas dit aan as enige veranderinge sou opduik.


*Liewe mede matriekulante...*

DIE TYD VAN EKSAMENS NADER ONS, SOOS ELKE DAG VERBY GAAN. VIR PARTY IS DIT MEER BELANGRIK AS VIR ANDER, MAAR STEEDS ERVAAR ONS ELKEEN STRES. OF DIT NOU OOR DIE EKSAMEN IS OF OOR ANDER FIKTORE IN JOU LEWE, ONS ALMAL SE STRES GELD. DAAROM SE EK AAN ELKEEN VANDAG, STERKTE EN HOU VAS AAN ONS HERE.

# EK DEEL MET JULLE:

WEES NIE BEVREES NIE. WANT EI( IS MET JOU; K NIE ANBS'TID ROND NIE.
WANT EK IS JOU GOD. EK VERSTERK JOU, OOK HELP EK JOU,
DOK ONOERSTEUN EK JOU MET MY REDDENDE REOTERHAND.

# JESAJA 41:10



GROETE
MARIE-LOUISE
STRYDOM 12E

# ELKE MATRIEK WAS OOK EENS MAAR NET 'N *aggie!*

Nog net nou die dag was "klas van 2024" 'n vreemde konsep; heeltemal ondenkbaar.

Kyk net, mamma! Nou is ek amper klaar met skool!!

**Ontgroening, spookhuis, oorslaap by die skool... ons was die gelukkige graad 8's wat dit alles nog kon beleef!**

Natuurlik was ons ook die gelukkige graad 8's wat 'n COVID-19 "vakansie" kon geniet...

Met harte vol herinneringe, en hande vol kennis, verlaat ons Framesby en gaan ons kan terugkyk op al die mooi van ons hoërskool loopbaan, vir ewig in ons gedagtes gekoester!

Forum || Anri Botha



# FRAMESBY SE WONDERLIKE WINTERBAL

## ‘n Onvergeetlike aand

**Elegant, fantasmagories en lewenslustig.... Drie woorde om Framesby se wonderlike Winterbal te beskryf. Hierdie jaar was daar besluit om die Winterbal vir die eerste keer aan tafel in Die Kosblik te hou, waar die kultuursaal in ‘n dansbaan omskep was. Soos wat die gaste arriveer het was hulle gegroet deur ‘n see van flikkerende liggies en feestelike versierings wat 'n vrolike atmosfeer geskep het vir die hele aand. Leerders het eers hul dansvermoë in die kultuursaal gaan wys op al die nuutste wysies wat deur die DJ "gespin" was. Daarna was ‘n heerlike pasta-dis bedien as hoofgereg en as nagereg smullekker brownies met room. Die fotohokkie was ook 'n groot treffer, waar daar talle onvergeetlike foto's geneem was. Die aand was met lag, musiek, vreugde en smaaklike kos gevul wat pragtige herinneringe geskep het vir almal wat dit bygewoon het. Teen die einde van die aand het die leerders afskeid geneem en reeds uitgesien na volgende jaar se Winterbal. Nou is die vraag net :**

**Sal volgende jaar se Winterbal die sukses van vanjaar kan oortref ?**

**~ Lara Nell**



# DIE ROADTRIP EN DIE V.V.V.V.V.V

OP DIE 25STE JULIE WAS DIT DIE OPENINGSAAND VAN HIERDIE SPLINTERNUWE TONELE.DIT WAS UITSTEKEND!






# DIE VOLGENDE VRAE WAS VIR VAN DIE AKTEURS EN AKTRISES VAN DIE TONEELSTUKKE GEVRA:

***Wat het jou aangetrek tot hierdie spesifieke rol in die toneelstuk?***



**Toe Juffrou Basson die eerste keer in die saal die produksie bekendstel en die rol van Louise (Ma) beskryf as 'n ekstrovert, sarkasties en "witty"; het ek dadelik met die karakter "geclick".**
**-Zandri Stumke**
**(Ma in Die Roadtrip)**



***Hoe het jy voorberei vir jou rol en was daar spesifieke uitdagings wat jy moes oorkom?***



**Ek het begin deur my woorde te leer. Ek en Zandri het in klas onderlangs vir mekaar ons woorde opgesê en vasvrawedstryde gehou. Dit het makliker begin word toe ons met aksies begin oefen het. Dit was aanvanklik moeilik om die woorde en invalle te onthou, maar dit het beter met tyd geraak.**
**-Luka Bessinger**
**(Pa in die Roadtrip)**

## *In 'n neutedop waaroor gaan die Roadtrip?*



Die Roadtrip gaan oor 'n familie wat op vakansie gaan na Mozambique, maar skielik na hulle eerste dag,sterf die Ouma aan 'n hartaanval. Die familie kry toe die blink idee om haar oor die grens te probeer smokkel terug Suid-Afrika toe, maar met 'n paar struikelblokke in hulle pad.
-Luhan Sprong
(Donut-Verkoopsman in die Roadtrip)







## *Kan jy vir ons 'n hoogtepunt van die produksie beskryf wat vir jou besonders was?*

Dit was vir my vreeslik lekker om as 'n nuwe Graad 8-Framesby leerder nuwe vriende te maak, wat die toneelstuk net so baie soos ek geniet. Buff Bicep Botha is 'n interessante karakter om te speel. Ek sien baie uit na die Montagu-toer!
-Adriaan Ehlers
(Buff Bicep Botha in die V.V.V.V.V.V)

## *IN 'N NEUTEDOP WAAROOR GAAN DIE V.V.V.V.V.V?*

**DIE V.V.V.V.V.V (VALENTYNS VOORBEREIDINGSKOOL VIR VREESLOSE VOLBLOED VRYERIGE VABONDE), IS 'N AKADEMIE WAAR DIE TWEE LEKTORE (FVV EN KKK) VIER JONG MANS MOET VOORBEREI VIR DIE HUWELIK EN HULLE IN TROUMANNE OMSKEP. ONGELUKKIG IS HIERDIE VIER MANS NIE DIE BESTE KANDIDATE NIE EN DIE PROSES IS 'N GESUKKEL.**
**JOHN LOUIS VOSLOO (KOMMISSARIS KOOT KRUGER IN V.V.V.V.V.V)**





## *WAT IS DIE HOOFKONFLIK WAT JOU KARAKTER IN HIERDIE TONEEL ERVAAR?*

**JAKKIE WORSTEL MET SY ROL IN DIE HUWELIK. HY WIL AS DIE MAN BESKOU WORD.HY WIL OOK GEHOOR WORD.HY WIL LEIDING NEEM.**

**HY LAAT WEL TOE DAT HIERDIE WEGGENEEM WORD VAN HOM DEUR AMANDA, OMDAT HY SY VROU GELUKKIG WIL HOU, ONGEAG WAT DIT KOS, SELFS SY TYD IN DIE KOLLIG...**
**ZANDER WESTRAAD (JAKKIE IN DIE ROADTRIP)**



***KAN JY VIR ONS VERTEL OOR DIE KARAKTER WAT JY SPEEL EN HOE JY MET HAAR IDENTIFISEER?***

**JA, NATUURLIK. MY KARAKTER IS OUMA, MAAR HAAR NAAM IS MAGDALENA GERTRUIDA VAN DER MERWE. SY IS 'N ROWWE TANNIE, WAT BAIE HOU VAN WYN, MAAR GLAD NIE VAN HAAR SKOONDOGTER NIE. SY IS 79 JAAR OUD EN STERF ONGELUKKIG AAN 'N HARTAANVAL TYDENS 'N FAMILIE VAKANSIE. NA DIE HARTAANVAL BESEF HAAR SKOONDOGTER DAT SY EINTLIK 'N GOEIE PERSOON WAS EN MAAR NET BIETJIE ROF AAN DIE BUITEKANT WAS. EK HOU BAIE VAN MY KARAKTER, WANT SY IS SO DIREK EN UITSPATTIG. EK KAN HEEL GEMAKLIK MET HAAR IDENTIFISEER AS 'N DOOIE OU OUMA, OMDAT EK MY "VALS VAL VERMOË" HIER GOED KAN GEBRUIK. EK GENIET DIE ROL VAN OUMA OOK BAIE OMDAT DIT 'N KOMIESE ROL IS MET MIN WOORDE, MAAR BAIE TONEELSPEL.**

**LARA NELL**
**(OUMA IN DIE ROADTRIP)**















# LANDSDIENS Streekkamp 2024

deur Anri de Beer (Graad 11H)

Tydens die Junie-vakansie het die landsdienslede 'n week propvol avonture beleef! Hulle het op 17 Junie 2024 na Gill-Kollege vertrek, waar hulle die week saam met verskeie Oos-Kaapse skole die 4 liefdes vir landsdiens uitgeleef het.






Na afloop van die kamp is 15 van Framesby se landsdieners gekies om die nasionale kamp by te woon.








FAITH OVER FEAR






KOSBLIK

# VLAMMIE VAT VLAM!!

*Hoërskool Framesby bars van trots om hul nuwe gelukbringer, Vlammie voor te stel aan die Framesby gemeenskap.*



**Kom ons hoor by 'n paar Framesby leerders wat hulle dink van Vlammie:**

~Ek dink dis 'n oulike aanwins vir die skool~

~Ek sien uit daarna om Vlammie by toekomstige sportdae te sien!~

~Vlammie het lekker gees!!~

~Vlammie sit 'n glimlag op my gesig!~



deur Carla van Jaarsveld
12E

ASHLYNN MORAN

# DIS NH NET VLAMMH WAT AAN OH BRANO IS NH ...

## Blokke klop vir Grey al 3x in ·n ryf

Op die 1:3de Julie het ons einste lokke die veld aan die brand geslaan met hul briUante spel en hul derde agtereenvolgende oorwinning teen Grell met 'n spannende telling van 19-17 behaal! Hierdie wedstrIld was 'n historiese oomblik vir framesblj. wat voortgaan om die plaaslike rugbIltoneel te oorheers.



Die lokke se oorwinning teen Gre was nie net neg 'n wedstr d nie; dit was 'n bewlIS van hul onverbiddelike gees en onverskrokke vasberadenheid. Die noue oorwinning was hardgeveg, met elke speler wat hul alles gegee het om seker te maak dat die skool se naam helder brand in skolerugb geskiedenis.

Deur neg meer vuur aan hul brandende momentum te voeg, het framesbll hierdie afgelope naweek St. Andrews College met 'n oorweldigende 50-10 oorwinning verslaan. Hierdie beslinende oorwinning bevestig verder die !1lokke se repuhsie as ·n onstuitbare mag op die veld!

Soos hulle voortgaan om nuwe rekords op te stel en merkwaardige prestasies te behaal, gloei die Blokke se nalatenskap al hoe helderder.





# SllAit aan b die ForlAm!

WIL JY JOU STEM LAAT HOOR? IS JY LIEF
VIR SKRYF. FOTOGRAFIE OF ONTWERP?
DAN IS DIE FORUM PERFEK VIR JOU!



**Waar en wanneer?**

Elke Oinsdag in K3

**Pretti9 en boeiend**

S/uif aan b !:J 'n gemeenskap
van medeskr!:Jwers

## Voordele

Berigfe word gepub/iseer
in die Fakkelflifs

Kom wees deel van iets on9elooflik. Laat
jott kreatiwiteit vloei, maak nttwe vriende
en word 'n skr wer.


Moet nie die 9eleentheid misloop nie
Kan nie wag omjott daar te sien nie!

# TYDSBESTUURVAARDIGHEDE



Alexia Meiring

Tydsbestuurvaardighede is 'n noodsaaklikheid vir enige leerder, maar dit is veral nodig om die opkomende kwartaal te navigeer.
Hier volg 'n paar "tips" en "tricks" om seker te maak dat jou kosbare tyd reg bestuur word.



## Maak 'n rooster

Moak gebruik van 'n kalender om op datum te bly met sperdatums en opkomende toetse. Prioritiseer take op grond van belangrikheid en wanneer hulle klaar moet wees.



## Balans

Die meerderheid van Framseby se leerders neem aan 'n sport- of kultuur aktiwiteit deel, maar dit is egter noodsaaklik om balans tussen die gegewe aktiwiteite en akademie te vind. Verseker dot jy effektiewe balans handhaaf.



## Stel doelwitte

As Lewensorientering dit nie genoeg beklemtoon het nie, om duidelike kort -en langtermyn doelwitte te stel, sol jou help om 'n duidelike visie te handhaaf en hard te werk om die gegewe doelwitte na te kom.



## Hersien en pas aan

'n Hoerskool leerder moet aanpasbaar wees, aangesien ons roosters gereeld verander. Hersien gereeld die voorafgaande plan wot jy vir jouself opgestel het, en pas dit aan as enige veranderinge sou opduik.


*Liewe mede matriekulante...*

DIE TYD VAN EKSAMENS NADER ONS, SOOS ELKE DAG VERBY GAAN. VIR PARTY IS DIT MEER BELANGRIK AS VIR ANDER, MAAR STEEDS ERVAAR ONS ELKEEN STRES. OF DIT NOU OOR DIE EKSAMEN IS OF OOR ANDER FIKTORE IN JOU LEWE, ONS ALMAL SE STRES GELD. DAAROM SE EK AAN ELKEEN VANDAG, STERKTE EN HOU VAS AAN ONS HERE.

# EK DEEL MET JULLE:

WEES NIE BEVREES NIE. WANT EI( IS MET JOU; K NIE ANBS'TID ROND NIE.
WANT EK IS JOU GOD. EK VERSTERK JOU, OOK HELP EK JOU,
DOK ONOERSTEUN EK JOU MET MY REDDENDE REOTERHAND.

# JESAJA 41:10



GROETE
MARIE-LOUISE
STRYDOM 12E

# ELKE MATRIEK WAS OOK EENS MAAR NET 'N *aggie!*

Nog net nou die dag was "klas van 2024" 'n vreemde konsep; heeltemal ondenkbaar.

Kyk net, mamma! Nou is ek amper klaar met skool!!

**Ontgroening, spookhuis, oorslaap by die skool... ons was die gelukkige graad 8's wat dit alles nog kon beleef!**

Natuurlik was ons ook die gelukkige graad 8's wat 'n COVID-19 "vakansie" kon geniet...

Met harte vol herinneringe, en hande vol kennis, verlaat ons Framesby en gaan ons kan terugkyk op al die mooi van ons hoërskool loopbaan, vir ewig in ons gedagtes gekoester!

Forum || Anri Botha



# DIE ROADTRIP EN DIE V.V.V.V.V.V

*-deur Leane du Preez-*

OP DIE 25STE JULIE WAS DIT DIE OPENINGSAAND VAN HIERDIE SPLINTERNUWE TONELE.DIT WAS UITSTEKEND!






## DIE VOLGENDE VRAE WAS VIR VAN DIE AKTEURS EN AKTRISES VAN DIE TONEELSTUKKE GEVRA:

***Wat het jou aangetrek tot hierdie spesifieke rol in die toneelstuk?***



**Toe Juffrou Basson die eerste keer in die saal die produksie bekendstel en die rol van Louise (Ma) beskryf as 'n ekstrovert, sarkasties en "witty"; het ek dadelik met die karakter "geclick".**
**-Zandri Stumke**
**(Ma in Die Roadtrip)**



***Hoe het jy voorberei vir jou rol en was daar spesifieke uitdagings wat jy moes oorkom?***



**Ek het begin deur my woorde te leer. Ek en Zandri het in klas onderlangs vir mekaar ons woorde opgesê en vasvrawedstryde gehou. Dit het makliker begin word toe ons met aksies begin oefen het. Dit was aanvanklik moeilik om die woorde en invalle te onthou, maar dit het beter met tyd geraak.**
**-Luka Bessinger**
**(Pa in die Roadtrip)**

***In 'n neutedop waaroor gaan die Roadtrip?***



**Die Roadtrip gaan oor 'n familie wat op vakansie gaan na Mozambique, maar skielik na hulle eerste dag,sterf die Ouma aan 'n hartaanval. Die familie kry toe die blink idee om haar oor die grens te probeer smokkel terug Suid-Afrika toe, maar met 'n paar struikelblokke in hulle pad.**
**-Luhan Sprong**
**(Donut-Verkoopsman in die Roadtrip)**







***Kan jy vir ons 'n hoogtepunt van die produksie beskryf wat vir jou besonders was?***

**Dit was vir my vreeslik lekker om as 'n nuwe Graad 8-Framesby leerder nuwe vriende te maak, wat die toneelstuk net so baie soos ek geniet. Buff Bicep Botha is 'n interessante karakter om te speel. Ek sien baie uit na die Montagu-toer!**
**-Adriaan Ehlers**
**(Buff Bicep Botha in die V.V.V.V.V.V)**

***IN 'N NEUTEDOP WAAROOR GAAN DIE V.V.V.V.V.V?***

**DIE V.V.V.V.V.V (VALENTYNS VOORBEREIDINGSKOOL VIR VREESLOSE VOLBLOED VRYERIGE VABONDE), IS 'N AKADEMIE WAAR DIE TWEE LEKTORE (FVV EN KKK) VIER JONG MANS MOET VOORBEREI VIR DIE HUWELIK EN HULLE IN TROUMANNE OMSKEP. ONGELUKKIG IS HIERDIE VIER MANS NIE DIE BESTE KANDIDATE NIE EN DIE PROSES IS 'N GESUKKEL.**
**JOHN LOUIS VOSLOO (KOMMISSARIS KOOT KRUGER IN V.V.V.V.V.V)**





***WAT IS DIE HOOFKONFLIK WAT JOU KARAKTER IN HIERDIE TONEEL ERVAAR?***

**JAKKIE WORSTEL MET SY ROL IN DIE HUWELIK. HY WIL AS DIE MAN BESKOU WORD.HY WIL OOK GEHOOR WORD.HY WIL LEIDING NEEM.**

**HY LAAT WEL TOE DAT HIERDIE WEGGENEEM WORD VAN HOM DEUR AMANDA, OMDAT HY SY VROU GELUKKIG WIL HOU, ONGEAG WAT DIT KOS, SELFS SY TYD IN DIE KOLLIG...**
**ZANDER WESTRAAD (JAKKIE IN DIE ROADTRIP)**



***KAN JY VIR ONS VERTEL OOR DIE KARAKTER WAT JY SPEEL EN HOE JY MET HAAR IDENTIFISEER?***

**JA, NATUURLIK. MY KARAKTER IS OUMA, MAAR HAAR NAAM IS MAGDALENA GERTRUIDA VAN DER MERWE. SY IS 'N ROWWE TANNIE, WAT BAIE HOU VAN WYN, MAAR GLAD NIE VAN HAAR SKOONDOGTER NIE. SY IS 79 JAAR OUD EN STERF ONGELUKKIG AAN 'N HARTAANVAL TYDENS 'N FAMILIE VAKANSIE. NA DIE HARTAANVAL BESEF HAAR SKOONDOGTER DAT SY EINTLIK 'N GOEIE PERSOON WAS EN MAAR NET BIETJIE ROF AAN DIE BUITEKANT WAS. EK HOU BAIE VAN MY KARAKTER, WANT SY IS SO DIREK EN UITSPATTIG. EK KAN HEEL GEMAKLIK MET HAAR IDENTIFISEER AS 'N DOOIE OU OUMA, OMDAT EK MY "VALS VAL VERMOË" HIER GOED KAN GEBRUIK. EK GENIET DIE ROL VAN OUMA OOK BAIE OMDAT DIT 'N KOMIESE ROL IS MET MIN WOORDE, MAAR BAIE TONEELSPEL.**

**LARA NELL**
**(OUMA IN DIE ROADTRIP)**
















# FRAMESBY SE WONDERLIKE WINTERBAL

## ‘n Onvergeetlike aand

**Elegant, fantasmagories en lewenslustig.... Drie woorde om Framesby se wonderlike Winterbal te beskryf. Hierdie jaar was daar besluit om die Winterbal vir die eerste keer aan tafel in Die Kosblik te hou, waar die kultuursaal in ‘n dansbaan omskep was. Soos wat die gaste arriveer het was hulle gegroet deur ‘n see van flikkerende liggies en feestelike versierings wat 'n vrolike atmosfeer geskep het vir die hele aand. Leerders het eers hul dansvermoë in die kultuursaal gaan wys op al die nuutste wysies wat deur die DJ "gespin" was. Daarna was ‘n heerlike pasta-dis bedien as hoofgereg en as nagereg smullekker brownies met room. Die fotohokkie was ook 'n groot treffer, waar daar talle onvergeetlike foto's geneem was. Die aand was met lag, musiek, vreugde en smaaklike kos gevul wat pragtige herinneringe geskep het vir almal wat dit bygewoon het. Teen die einde van die aand het die leerders afskeid geneem en reeds uitgesien na volgende jaar se Winterbal. Nou is die vraag net :**

**Sal volgende jaar se Winterbal die sukses van vanjaar kan oortref ?**

**~ Lara Nell**



# LANDSDIENS Streekkamp 2024

deur Anri de Beer (Graad 11H)

Tydens die Junie-vakansie het die landsdienslede 'n week propvol avonture beleef! Hulle het op 17 Junie 2024 na Gill-Kollege vertrek, waar hulle die week saam met verskeie Oos-Kaapse skole die 4 liefdes vir landsdiens uitgeleef het.






Na afloop van die kamp is 15 van Framesby se landsdieners gekies om die nasionale kamp by te woon.








FAITH
OVER
FEAR






KOSBLIK

# VLAMMIE VAT VLAM!!

*Hoërskool Framesby bars van trots om hul nuwe gelukbringer, Vlammie voor te stel aan die Framesby gemeenskap.*



**Kom ons hoor by 'n paar Framesby leerders wat hulle dink van Vlammie:**

~Ek dink dis 'n oulike aanwins vir die skool~

~Ek sien uit daarna om Vlammie by toekomstige sportdae te sien!~

~Vlammie het lekker gees!!~

~Vlammie sit 'n glimlag op my gesig!~



deur Carla van Jaarsveld
12E

ASHLYNN MORAN

# DIS NH NET VLAMMH WAT AAN OH BRANO IS NH ...

## Blokke klop vir Grey al 3x in ·n ryf

Op die 1:3de Julie het ons einste lokke die veld aan die brand geslaan met hul briUante spel en hul derde agtereenvolgende oorwinning teen Grell met 'n spannende telling van 19-17 behaal! Hierdie wedstrlld was 'n historiese oomblik vir framesblj. wat voortgaan om die plaaslike rugblltoneel te oorheers.



Die lokke se oorwinning teen Gre was nie net neg 'n wedstr d nie; dit was 'n bewllS van hul onverbiddelike gees en onverskrokke vasberadenheid. Die noue oorwinning was hardgeveg, met elke speler wat hul alles gegee het om seker te maak dat die skool se naam helder brand in skolerugb geskiedenis.

Deur neg meer vuur aan hul brandende momentum te voeg, het framesbll hierdie afgelope naweek St. Andrews College met 'n oorweldigende 50-10 oorwinning verslaan. Hierdie beslinende oorwinning bevestig verder die !1lokke se repuhsie as ·n onstuitbare mag op die veld!

Soos hulle voortgaan om nuwe rekords op te stel en merkwaardige prestasies te behaal, gloei die Blokke se nalatenskap al hoe helderder.





# SllAit aan b   die ForlAm!

WIL JY JOU STEM LAAT HOOR? IS JY LIEF VIR SKRYF. FOTOGRAFIE OF ONTWERP? DAN IS DIE FORUM PERFEK VIR JOU!



**Waar en wanneer?**

*Elke Oinsdag in K3*

**Pretti9 en boeiend**

*S/uif aan b!:J 'n gemeenskap van medeskr!:Jwers*

**Voordele**

*Berigfe word gepub/iseer in die Fakkelflifs*

Kom wees deel van iets on9elooflik. Laat jott kreatiwiteit vloei, maak nttwe vriende en word 'n skr wer.

Moet nie die 9eleentheid misloop nie

Kan nie wag omjott daar te sien nie!